## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

**NO. R. 265** **24 MAART 2017**

### DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
### WYSIGING VAN BYLAE NO. 5 (NO. 5/3/111)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 3 van Bylae No. 5 by bogenoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

**M JONAS**
**ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES**

**BYLAE**

**Deur die invoeging van die volgende:**

| Teruggawe Item | Tariefpos | Kode | TS | Beskrywing | Mate van Terugbetaling |
|---|---|---|---|---|---|
| 536.00 | 00.00 | 04.00 | 04 | Motorvoertuigkomponente, soos omskryf in Opmerking 8 by Hoofstuk 98, waarop reg betaal is en wat aan 'n motorvoertuigvervaardiger verskaf is vir gebruik as oorspronklike toerustingkomponente, soos omskryf in Opmerking 3 by Hoofstuk 98, in die vervaardiging van swaarvoertuie soos omskryf by kortingitem 317.07 of wat in oorspronklike toerustingkomponente geïnkorporeer is en wat aan motorvoertuigvervaardigers verskaf is, mits:<br><br>(i) sodanige komponentvervaardiger of -verskaffer bewyse kan voorlê deur middel van afdrukke van lyste van materiale wat die werklike aantal ingevoerde motorvoertuigkomponente aandui wat gebruik is in die vervaardiging van 'n spesifieke oorspronklike toerustingkomponent wat verskaf is;<br><br>(ii) bewys voorgelê word van die hoeveelheid van elke oorsponklike toerustingkomponent wat aan 'n motorvoertuigvervaardiger verskaf is, gestaaf deur 'n staat van die motorvoertuigvervaardiger aan wie sodanige komponente verskaf is, met spesifieke verwysing na die onderdeelnommer, beskrywing en hoeveelheid ontvang;<br><br>(iii) die verklaring deur die motorvoertuigvervaardiger deur 'n doeane- en aksynsbeampte gesertifiseer is; en<br><br>(iv) die ingevoerde komponentwaarde geklaar is op 'n Vorm C1 en op versoek voorgelê kan word.<br><br>Opmerking:<br>1. Vir die doeleindes van hierdie item het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis ingevolge item 317.03 geheg is, dieselfde betekenis, tensy dit uit die samehang anders blyk. | Volle reg |